# KENRIDGE GEMEENTE GEBEDSBULLETIN
# 21 April 2024

## BID DIE SKRIF: PSALMS 90:1-4,12-14

'n Gebed van Moses, die man van God.
Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag.
Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het,
ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!
U laat die mens sterwe: U sê net: "Word weer stof!"
Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is,
soos een enkele wagbeurt in die nag.
Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.
Hoe lank nog, Here, voordat U ons te hulp kom?
Ontferm U tog oor ons.
Skenk ons elke dag u liefde in oorvloed,
dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees.

## BID VIR DIE WÊRELD

**Ecuador:** Ecuador is die tuiste van sowat 24 000 blindes, en braille is 'n noodsaaklike daagse hulpmiddel vir 'n groot persentasie van dié bevolking.

- Bid vir ons projek om 12 braille Bybelleesklubs te stig en
- dat blinde gemeenskappe die liefde van God sal leer ken en direk uit Sy Woord sal leer.

**Chili:** Die Born to Love-projek bied professionele bystand om Christelike gesinswaardes onder kinders en tieners te bevorder. Dit fokus op die genesing van gesinsverhoudings en die ontwikkeling van opleiding in die voorkoming van seksuele mishandeling en die genesingsproses van trauma.

- Bid vir Chileense kinders en hul gesinne sodat hulle die pad na die Here kan vind en hul lewens kan verander.

## BID VIR SUID-AFRIKA:

- Bid vir die algemene verkiesing op 28 Mei. Ons bid dat stemgeregtigde Suid-Afrikaners hul stem sal gebruik om 'n verantwoordelike en diensbare regering te verkies.
- Bid vir die inwoners van KwaZulu-Natal se Suid-Kus wat die afgelope tyd skade weens vloede beleef het.
- Bid vir watervoorsiening; spesifiek watersuiwering en die watervoorsiening infrastruktuur. Bid dat elkeen wat verantwoordelikheid vir watervoorsiening dra, oplossing-gedrewe sal werk en gemeenskappe dien met hul taak.

## BID VIR ONS GEMEENTE:

**Bediening na buite:** Franschhoek Hospitaliteit Akademie

- Franschhoek Hospitaliteit Akademie bied toeganklike en kwaliteit opleiding aan jong leiers en entrepreneurs in die gasvryheidsbedryf.
- Bid vir Junain Fredericks (Kenridge Gemeente borg een student se studiegeld vir 2024)

**Bediening in die gemeente:**

- Bid vir die ouerskap kursusse van The World Needs a Father.
- Bid vir Pinkster as 'n tyd vir herlewing en verdieping in ons gemeente en gemeenskap.

**Siekte en uitdagings:**

- **Cheryl Scriven** ontvang steeds chemo vir borskanker - bid vir haar en oom Flip.
- **Oom André Küyler** herstel tuis na chirurgie. Bid asb. vir sy volledige herstel.
- **Oom Robbie Kleywecht -** herstel na chirurgie aan sy heup **-** bid vir sy herstelproses en ook vir sy familie.
- **Oom Org Nel** - bly bid vir sy genesing.
- **Oom Jannie Snyman** - (OWA) **-** herstel na beroerte.
- **Ursula Smith** (OWA) – bid steeds vir haar, Jack en hulle kinders en kleinkinders.
- **Rupert Smith -** ontvang verdere behandeling **-** bid vir hom en sy gesin.
- **Riaan en Ester van der Merwe** se dogter Hilda in George ontvang behandeling vir kanker. Bid vir God se ingrype en genesing.
- **Stella Basson** (OWA: Jacques Basson se moeder) word tuis versorg en behandel na ‘n 5-week periode in die hospitaal. Asseblief bid vir versterking.
- **Magriet Birch** het 'n beroerte gehad en sterk tans tuis aan.
- **Wouter van der Merwe** het 'n nierprosedure ondergaan en herstel tuis. Bid vir hom en Manna.
- **Francois van den Berg** se pa het leukemie met ’n terminale prognose. Ons bid saam met hulle in die reis.
- **Helene Dippenaar** vir volkome herstel en 100% gebruik van haar arm na ‘n skouerbesering.
- **Vir elkeen** wat behandeling moet ontvang vir 'n lewensbedreigende siekte.
- **Vir elkeen** wat die afgelope paar maande verlies beleef het. Ons bid dat Jesus se opstanding hoop en troos sal bring.
- **Vir elkeen** wat in die ekonomiese klimaat sukkel en werkloos is.